# ECHO OF HIS CALL

## EGGO VAN SY ROEP

AFRIKAANS

ECHO OF HIS CALL 1969-2019 GOLDEN JUBILEE (ECHO GROUP)

India's National Spiritual Newspaper

₹ 10/-

Published monthly in 16 languages

*Redakteur:* S. SAM SELVA RAJ | - In 16 Tale | *Mederedakteur:* Sr. Marietjie Nelson

**Vol. XV** YEAR OF OUR LORD JESUS CHRIST, FEBRUARY 2022 **No. 8**


### DIE HEILIGE SKRIF

Memoriseer asseblief hierdie gedeelte.

**PSALM 20:1-9**

1. Mag die Here u gebed verhoor op die dag van nood, mag die Naam van die God van Jakob u beskerm.
2. Mag Hy u hulp stuur uit die heiligdom en u ondersteun uit Sion!
3. Mag Hy al u graanoffers onthou en u brandoffers aanneemlik vind. Sela
4. Mag Hy u gee wat u hart begeer en al u voornemens laat geluk.
5. Ons sal juig oor u oorwinning en in die Naam van ons God die vaandels ontplooi. Mag die Here alles gee wat u vra.
6. Dit weet ek: die Here sal aan sy gesalfde die oorwinning gee! Uit die heilige hemel verhoor die Here sy gebed; die Here gee deur sy groot mag aan hom die oorwinning.
7. Sommige vertrou op strydwaens en ander op perde, maar óns, ons vertrou op die Naam van die Here ons God.
8. Húlle sal struikel en val, maar óns sal regop en vas bly staan.
9. Here, gee tog aan die koning die oorwinning. Mag die Here ons gebed verhoor wanneer ons na Hom roep.

# Hoekom die geslagregister van **Jesus Christus** slegs vir Abraham en Dawid voorafgaan ?

**Br. M. Paulraj**

Die eerste vers, Matteus 1:1 lees soos volg: Die geslagsregister van Jesus Christus, die Seun van Dawid, die seun van Abraham: Die geslagsregister van Jesus Christus sluit 42 generasies in, beginnende by Abraham tot Josef. So, uit 'n reeks van 42 generasies het God gekies om net drie generasies uit te lig, Abraham, Dawid en Jesus Christus. Dit is dus onvermydelik dat die bogenoemde drie name verreikende belangrikheid moet dra. Ja, hierdie name is besonders en dra gewig en belang! Kom ons kyk in besonderhede na die drie groot name Abraham, Dawid en Christus.

## ABRAHAM!

Abram was die seun van Tera, 'n inwoner van Mesopotamia in die land van die Galdeërs. Die hele land was vol afgodsaanbidders. Tog het dit die Here behaag om 'n regverdige man, Abram, te kies en hom te roep na 'n veraf land. Die Here het hom beloof dat Hy hom groot sou maak en in hom al die families van die aarde sou seën (Genesis 12:1-3, Handelinge 7:2-4). Hoewel die roeping vir Abram was, het sy vader dit opgeneem en vir Abram, sy vrou Sarai en Lot, 'n kleinseun geneem en vir 'n rukkie hulle gevestig in Ur van die Galdeërs, op die pad na Kanaän.

Hulle het in Haran vertoef vir so 30 tot 40 jaar en ryk geword. Toe Tera gesterf het, het die roeping weer tot Abram gekom (Genesis 12:1-3). Nogtans het Abram vir Lot en sy vrou saamegeneem! Dit was 'n afwyking van die roeping wat God gegee het. God was nie gelukkig met Abram nie. God kan nie 'n gesin seën wat gemeng is met ander mense nie. Dan sal die fokus verskuif. Of dit nou familie is of besigheid. Tog was God met Abram. Die familie het Kanaän binnegegaan en hulle by Sigem gevestig. Toe het hy na Bet-El verskuif en kamp opgeslaan. God het aan Abram verskyn en gesê Hy

*... verv. op bls. 3*

ECHO OF HIS CALL - (1969-2019 GOLDEN JUBILEE YEAR)



# van julle geliefde broer...

> "... Ek sal die lot van my volk Israel verander ..." - (Amos 9:14)



## Ons Sendingopdrag

Ons moet die huidige generasie onderrig in die onvervalste leer van die ou, vroeë Apostels. Dit is die behoefte van ons tyd.

**CHIEF EDITOR**
Angeline Selvakumari Henry, M.A., M.Ed.

**MANAGING EDITOR**
Pastor Alex Samson Sam, B.Th., M.Div.

**ADMINISTRATION**
Bro. N. Prakasam, M.A., General Manager

**EDITORIAL BOARD**
Sis. Jesy Veena Sam
Bro. M. Paulraj, M.A., B.Ed.
Sis. Serena Bevin, M.A., M.Phil., B.Ed.

**EDITOR, PUBLISHER & PRINTER**
Pastor S. SAM SELVA RAJ
Echo of His Call Printers
10, Mohammed Abdullah 2nd Street,
Chepauk, Chennai- 600 005, India.
Phone : (+ 91- 44) 2852 8282, 2852 9293, 2854 7766
Cell : (+91) 98410 71852, 95661 31858

**E.mail ID**
sam@echoofhiscall.org
biblecor@yahoo.co.in

**WEBSITES**
www.echoofhiscall.org
www.stpaulsmatriculation.com

Geliefde Broers en Susters in die Here,

Mag die Naam van ons Here en Verlosser, Jesus Christus geëer word! Dis vir ons aangenaam om julle te groet in sy naam deur hierdie maandelikse tydskrif, die Echo of His Call.

God het al ons aktiwiteite gedurende die maande Desember 2021 en Januarie 2022 geseën. Ons het wonderlike Kersfees- en Nuwejaarsbyeenkomste gehad, saam met die Sondagskool se kinderbediening, en die Nehemia Bybelkollege se aanlynkursus in die Hindi taal.

Ons Here seën ons Hindi Aanlyn Kursus wat begin het opdie 3de Januarie 2022. Baie studente het aangesluit by hierdie aanlyn kursus wat aangebied word vir die voordeel van die behoeftige Noord-Indië se Hindisprekende studente wat nie in staat is om deur die gewone kursusse te studeer nie.

God het aan ons 'n span leiers gegee vir die werk van ons Sondagskool Kinderbediening. Hieronder verskyn 'n foto van die span. Bid asseblief vir hulle.



Ons wil spesiaal bid vir die gesondheid van ons liewe Pastoor Muthu, Voorsitter van die Nehemia Bybelkollege en vir Br. M. Paulraj, assistentredakteur van Echo of His Call, vir 'n besondere aanraking van God en 'n spoedige herstel. Hulle is die pilare van ons verskillende aktiwiteite.

Ons bid vir julle en verwag dat groot dinge in julle lewens sal gebeur.

Mag God julle seën.

Julle dienaars in Christus Jesus,

**PASTOOR S. SAM SELVA RAJ & ALEX SAMSON SAM**

(+91) 98412 71858 / 98410 71858, E.mail : samselvaraj333@gmail.com

**Our Ministries:** ECHO OF HIS CALL Monthly Magazines (16 languages) ◘ BIBLECOR - Postal Courses (3 languages) ◘ Online Courses ◘ Theological Correspondence Courses (2 languages) ◘ Church Planting ◘ Nehemiah Bible Colleges ◘ Gospel Printing Press ◘ Great Commission Partners ◘ St. Paul's Matriculation School ◘ Crusades ◘ Community Development

*verv. v. bls.1*

sal die land van die Kanaaniete aan sy nageslag gee (Genesis 12:7)

Abram was ryk aan vee, silwer en goud. Soos die tyd verloop het, is Abram en Lot geseën met 'n groot aantal vee en hulle wagters het dikwels onderonsies gehad. Dus het hulle besluit om in vrede van mekaar te skei. Lot het gekies vir die vrugbare land van Sodom en Gomorra, die Jordaanvlakte.

'n Vyftal konings het teen die konings van Sodom en Gomorra opgetrek en alles geplunder insluitende dié van Lot, sy vrou en besittings. Toe Abram hoor dat Lot ook gevang is, het hy 318 van sy geoefende gewapende dienaars geneem en hulle agternagesit so ver soos Dan. Abram en sy vegters het in die nag aangeval en hulle agtervolg tot by Damaskus en al die mans en vroue en goedere teruggewen insluitende Lot s'n.

Op die terugpad het Melgisedek, koning van Salem en die Priester van die Allerhoogste brood en wyn vir Abram gebring en hom geseën. Abram het aan hom een tiende van alles gegee (Genesis 14:16-20).

## WIE WAS HIERDIE MELGISEDEK?

Melgisedek was die koning van Salem en Priester van die Allerhoogste. Abram het aan hom een tiende van al sy besittings gegee. Sy naam word ook vertaal as Koning van Geregtigheid en dan ook as Koning van Salem, wat beteken Koning van Vrede. Hy was sonder vader, moeder of geslagregister en het ook nie 'n begin of einde gehad nie, maar is beskou as die Seun van God. Hy bly vir altyd Priester. Dus is hy die Koning van Geregtigheid en Koning van Vrede gemaak deur God. Verder is hy deur God daar gestel om Abraham te seën, die groot man wat deur God gekies is. Hoewel die ander twee, Dawid en Jesus Christus blykbaar nie geseën is deur Melgisedek nie, het hulle die dubbele rol van Koning en Priester vervul, 'n unieke kwalifikasie.

## KONINGS EN PRIESTERS!

In die Koninkryk van God, wil die Here Jesus Christus ons konings en priesters maak vir ons God en Vader (Openbaring 1:6). Watter voorreg sal ons nie hê nie!

Koning Dawid het die verantwoordelikhede van Koning en Priester gedra. As Koning het hy die ark van die Here na Jerusalem gebring. By die geleentheid het hy voor die ark gedans toe die priesters dit op hulle skouers gedra het. Koning Dawid het sy koninklike klere afgegooi en het 'n linne skouerkleed gedra, en so homself verneder voor die Here. 'n Skouerkleed behoort by 'n priester. Dawid het brandoffers en vrede-offers gebring. Toe is die ark in Jerusalem binne-in die tabernakel geplaas wat deur Dawid opgerig is (2 Samuel 6:13-15). Hoewel Dawid die verantwoordlikhede van Koning en Priester vervul het, het sy land nooit vrede geniet nie, want hy was altyd in oorloë gewikkel. Om die waarheid te sê, het die Here nie vir Dawidtoegelaat om vir Hom 'n tempel te bou nie omdat hy baie bloed vergiet het in oorloë.

## DIE HERE JESUS CHRISTUS!

In Sagaria 9:9 sien ons Jesus as Koning en in Hebreërs 7:16, 17 sien ons Jesus as Hoëpriester. In die Duisendjarige Ryk sal Hy die funksies van sowel Koning as Priester vervul. Koning Dawid het profeties gesê"Jy sal altyd priester wees in die priesterorde van Melgisedek" (Psalm 110:4).

## INSTELLING VAN 'N NUWE VERBOND!

Toe Abram 99 jaar oud was, het die Here aan hom verskyn en gesê, "Ek is God die Almagtige. Lewe naby My en wees opreg!" Dit is in werklikheid 'n waarskuwing aan Abram wat nie in alles God gehoorsaam het in die tyd waarin hy gewag het op sy beloofde seun nie. Abraham het in die volgende opsigte gedwaal. Dus is die belofte vertraag.

(1) Toe daar hongersnood oor die land Kanaän gekom het, het Abram vir Sarai en Lot na die land Egipte geneem. Daar het hy vir sy vrou gesê sy moet hom haar broer noem aangesien hy bang was vir die Egiptenare dat hulle haar sal neem aangesien sy baie mooi was. Toe hulle vir Sarai sien, het die prinse van farao haar na die farao geneem. Sy was 'n tyd lank in die paleis. Die farao het goed gekyk na Abram en aan hom vee gegee, asook manlike en vroulike slawe. Tussen die slawe was Hagar. Die Here het die farao met 'n pes getref. Die farao het sy sonde besef en Abram verjaag onder sy mense uit. Hy het toe ook vir Sarai teruggegee. Hier het Abram nie God se raad gesoek voordat hy na Egipte vertrek het nie.

(2) Toe het die Here aan Abram verskyn en gesê Hy sou hom seën. Abram het geantwoord dat hy geen nageslag het nie en dat sy slaaf Eliëser sy besittings sou erf! En die

Here het gesê hy sou nie sy erfgenaam wees nie, en dat die een wat uit sy liggaam sou voortkom, sy erfgenaam sou wees. Die Here het hom na buite geroep en gevra om na die sterre van die hemel te kyk. Sy nageslag sou soveel wees (Genesis 15:1-5). Hierdie belofte het gekom toe hy 75 was.

(3) Aangesien die beloofde seun nie verskyn het nie, het die egpaar ongeduldig geword. Sarai het haar slavin Hagar geneem en aan Abram gegee. Hy het nie teëgestribbel nie! Hy het haar as vrou geneem en op die ouderdom van 86 het sy vir hom 'n seun, Ismael, in die wêreld gebring.

God was nie gelukkig hiermee nie. Hy het nie weer met Abram gepraat voordat hy 99 was nie. Om met meer as een vrou te trou was in daardie dae nie 'n sonde nie. Maar hier was Abram die protagonis, gekies deur God vir 'n verhewe opdrag. Hier was Abram aan God ongehoorsaam .

God wou hê dat Abram opreg voor Hom moes leef. Die Here het 'n verbond gesluit en beveel dat alle manlike kinders wat vir hom gebore word en hulle nageslag besny moes word op die agste dag na hulle geboorte. Die verbond wat gesluit is, het pyn vir die mense beteken. Volgens die verbond sou die Here sy nageslag vermenigvuldig. Die Here het die naam van Abram verander na Abraham aangesien hy die vader was van vele nasies. Sarai sou Sara genoem word aangesien sy die moeder van nasies sou word en konings van volke uit haar sou voortkom (Genesis 17:1-16). Soos die Here beloof het, het Sara geboorte gegee aan 'n manlike kind en hom Isak genoem. Op daardie stadium was Abraham 100 en Sara 90! Niks is vir God onmoontlik nie!

## DIE GROOTSTE TOETS!

Toe wou God vir Abraham toets. Die Here het gesê, "Vat jou seun, jou enigste seun, Isak wat jy liefhet, en gaan na die landstreek Moria toe en offer jou seun as brandoffer daar op een van die berge wat Ek vir jou sal aanwys." Dit moes hom soos 'n donderslag getref het. Maar hy was seker dat die Een wat vir hom die seun gegee het, hom nie in die steek sou laat nie.

Abrahamhet sy reis in die oggend begin met sy seun en die brandhout en vuur saamgeneem om sy seun te gaan offer. Die vader en seun het die top van die berg bereik en Isak het vir sy vader gevra "Waar is die lam om te offer?" Abraham het gesê, "My seun, God sal sy eie offerlam voorsien".

Die altaar is gemaak, Abraham het sy seun vasgebind en hom op die altaar gelê! Abraham het sy hand uitgesteek en die mes geneem om sy seun te slag. 'n Engel van die Here het na hom geroep en gesê, "Abraham, Abraham, Los jou seun! Moenie iets aan hom doen nie. Nou weet Ek dat jy My dien: jy het nie geweier om jou seun, jou enigste seun, aan My te offer nie." Die Bybel sê toe God sy seun gevra het, "was hy daarvan oortuig dat God by magte is om uit die dood op te wek, waaruit Abraham vir Isak ook, om dit so te stel, terug ontvang het" (Hebreërs 11:17-19). "Abraham het in God geglo, en God het hom vrygespreek" (Galasiërs 3:6). En God het Abraham die vader van al die gelowiges gemaak.

Adam, die man wat wat deur God geskep is, het gefaal vanweë sy ongehoorsaamheid. Die

*....verv. op.bls. 6*

**NEHEMIA RESIDENSIëLE BYBELKOLLEGE, TSJENNAI**

**Bid asb. vir**

Medium : Hindi/Tamil

*Geregistreerde Kandidaat vir Lidmaatskap*

Asia Theological Association (ATA)

**Erken deur Internasionale Christenleiers & Senior pastore vir die afgelope 53 jaar**

**Sertifikaat in Teologie : Een Jaar**
**Diploma in Teologie : Twee Jaar**

**Kwalifikasie: 10de Standerd of hoër**
**Haas jou vir toelating!**

**Contact : The Chairman, Nehemiah Bible College.**
10, MOHAMMED ABDULLAH 2ND STREET, CHEPAUK, CHENNAI - 600 005, INDIA.
Phone : (+91-44) 2852 8282, Cell : (+91) 98410 71852 / 95661 31858
E.mail : sam@echoofhiscall.org / Website : www.echoofhiscall.org
✶ AANLYN KLASSE IS BESKKIKBAAR ✶

GREAT COMMISSION PARTNERS
ECHO OF HIS CALL MINISTRIES SINCE 1969

# GROOT OPDRAG-VENNOTE

**OM TE DEEL** (Galasiërs 6:2), **ONDERSTEUN** (Romeine 12:13) & **TE BESPOEDIG** (2 Timoteus 1:6)

## GEBEDSPUNTE - 2022 Februarie 19 Tot 2022 Maart 18

(Haal asseblief hierdie blad uit, vou dit en hou dit in jou Bybel en bid voortdurend)

### SAKE VIR LOF EN DANK

**Februarie 19:** Loof God dat Hy ons Moederkerk seën met lede wat 'n hart het vir sending.

**Februarie 20:** Laat ons God dank vir sy oorvloedige seëninge op ons toewyding aan die tydskrifbediening sedert 1969.

**Februarie 21:** Laat ons God dank wat vir ons meer studente gegee het vir ons **BYBELKOR** en **Teologiese Korrespondensiekursusse.**

**Februarie 22:** Vir die mederedakteurs van ons **Echo of His Call** en vir hulle gesinne.

**Februarie 23:** Loof die Here vir die Hoof, Onderwysers en ander personeel van ons **St. Paul's Matriculation School.**

**Februarie 24:** Laat ons God prys vir ons Gebedsvennote, subskripsievennote, Geloofsgenote en Groot Opdragvennote en hulle gesinslede.

**Februarie 25:** Loof die Here vir sy oorvloedige seëninge wat Hy uitstort op ons werkers.

**Februarie 26:** Loof God vir die pastore en lede van al die kerke.

**Februarie 27:** Loof God wat ons in staat stel om ons **Echo of His Call** (in 16 tale) op ons Evangeliese Drukpers te druk.

**Februarie 28:** Loof God omdat Hy in ons behoeftes voorsien het in die afgelope maand.

**Maart 01 :** vir ons Evangeliese Drukpers en die volgehoue funksionering daavan deur bekwame werkers.

**Maart 02 :** Dank God vir sy seëninge op ons Teologiese Kursusse.

**Maart 03 :** Ons Here beskerm steeds ons Senior Pastoor S. Sam Selva Raj en sy gesin teen alle bose magte.

### SAKE VIR GEBED

**Maart 04 :** Bid vir seën en beskerming op alle Christelike organisasies.

**Maart 05 :** Bid vir eenheid en vrede onder alle nasies.

**Maart 06 :** Bid vir die gesondheid van al ons personeel.

**Maart 07 :** Bid dat God ons in staat stel om die Woord van God te versprei na onbereikte plekke in Indië.

**Maart 08 :** Bid vir ons Vennote en Staatkoördineerders.

**Maart 09 :** Laat ons bid vir ons Engelse Mederedakteur, Br. M. Paulraj.

**Maart 10 :** Bid vir al die aktiwiteite van ons bediening.

**Maart 11 :** Vir die veiligheid van alle vroue en kinders oor die wêreld.

**Maart 12 :** Bid tot God om hierdie maand in al ons behoeftes te voorsien.

**Maart 13 :** Dat God in genade die volkome uitroeiing van die Coronavirus op die wêreld sal gee.

**Maart 14 :** Bid to God vir oorvloedige genade in hierdie nuwe jaar 2022.

**Maart 15 :** Bid tot God vir sy seëninge op ons land en sy ekonomiese ontwikkeling.

**Maart 16 :** Bid vir die veiligheid van alle mense in die wêreld.

**Maart 17 :** Bid vir God se bewaring vir elkeen van ons van die Omikron pandemie.

**Maart 18 :** Dra in gebed ons Senior Pastoor S. Sam Selva Raj en sy gesin op vir bewaring teen alle bose magte.

*verv. v. bls.4*

geslag van Noag en sy nasate het gefaal (Noag was regverdig). God het dus 'n opregte man uit die Galdeërs gekies om 'n toegewyde nageslag te hê wat Hom geslag na geslag sou dien (Psalm 22:31). So is Abraham saam met koning Dawid en Jesus Christus gereken! 'n Groot man!

## KONING DAWID!

God was die Koning vir die mense van Israel en Samuel was die laaste Rigter en Profeet. Die mense van Israel het na Samuel toe gekom en gevra vir 'n koning om hulle te lei en hulle oorloë te veg soos ander nasies. Samuel was ongelukkig. Die Here het vir Samuel gevra, "Gee toe aan die versoek van die volk in alles wat hulle van jou vra. Hulle het jóú nie verwerp nie; hulle het Mý verwerp as koning oor hulle" (1 Samuel 8:7). Dus is Saul, die seun van Kis, 'n Benjaminiet, gekies as die koning van Israel.

Die Here het met Samuel gepraat en vir Saul gevra om die mense van Amalek te straf wat vir Israel voorgelê het toe hlle uit Egipte na Kanaän gekom het. God wou hê dat Saul alles heeltemal moes vernietig wat hulle gehad het en niks laat oorbly nie. Saul en sy leër het die Amelekiete aangeval en hulle koning Agag lewend gevang en al die mense vernietig. Hulle het vir Agag gespaar en ook die beste van die skape, die beeste, die vetstes, die lammers en alles wat goed was. Hulle het die wat swak en waardeloos was, van kant gemaak.

Die woord van die Here het tot Samuel gekom en die Here het gesê, "Ek is bedroef daaroor dat Ek Saul koning gemaak het, want hy het van My af weggedraai en nie my opdragte uitgevoer nie" (1 Samuel 15:11). Toe Saul vir Samuel sien, het hy gesê dat hy die opdrag van die Here uitgevoer het. Samuel vra toe: "Wat vir 'n geblêr van kleinvee is daar dan in my ore? En wat van die gebulk van beeste wat ek hoor?" (1 Samuel 15:14). Saul sê toe vir hom dat hy hulle gebring het om vir die Here te offer. Maar Samuel het gesê: "Kyk, gehoorsaamheid is beter as offerande, om te luister is beter as die vet van ramme. Weerspannigheid is net so erg as die sonde van waarsêery; eiesinnigheid net so erg as die bedrog van afgodery. Omdat jy die woord van die Here verwerp het, het Hy jou as koning verwerp" (1 Samuel 15:22, 23).

## DAWID AS KONING GESALF!

Samuel het gerou oor Saul. Die Here het vir Samuel gevra, "Hoe lank gaan jy treur oor Saul? Vul jou horing met olie en gaan na Isai toe, die Betlehemiet en salf een van sy seuns". Samuel het na Betlehem toe gegaan en met die proses van seleksie begin. Isai het ag seuns gehad en die laaste een was Dawid wat veld toe gegaan het om sy pa se vee op te pas. Samuel was beïndruk met die eerste een, Eliab. Maar die Here het gesê, "Moenie na sy voorkoms of sy buitengewone lengte kyk nie, want Ek het hom nie gekies nie. Die Here kyk nie na dieselfde dinge as die mens nie. Die mens kyk na die uiterlike, maar die Here na die innerlike" (1 Samuel 16:7). Al sewe het voor hom verby gekom, maar nie een is gekies nie. Toe is Dawid uit die veld laat haal. "Hy het 'n rooi gelaatskleur gehad, mooi oë en 'n goeie voorkoms". Toe sê die Here: "Staan op, salf hom, want dis hý". Samuel het vir Dawid gesalf te midde van sy broers; en die Gees van die Here het op hom gekom. Hoewel Dawid die gesalfde koning van Israel was, het Saul nog voortgegaan om as koning te regeer.

## DAWID MAAK GOLIAT DOOD!

In daardie dae het die Filistyne teen Israel opgetrek en kamp opgeslaan tussen Soko en Aseka. Die volk Israel het kamp opgeslaan by Ela in volle oorlogslinies teenoor hulle. Toe die twee kampe teenoor mekaar te staan kom, het 'n held uit die kamp van die Filistyne gekom, genaamd Goliat, drie meter lank en die Israeliete uitgedaag om een van hulle te stuur om teen hom te veg. Hy het vir veertig dae elke dag, oggend en aand, uitgekom en hulle uitgedaag.

Die manne van Israel kon nie een van hulle stuur om die Filistyn uit te daag nie en almal was vreesbevange. Drie van Isai se seuns was in die kamp van Israel. Dawid het hulle gaan besoek met voedsel wat sy vader gestuur het. Dawid het gesien hoe die Filistyn hulle uitdaag en die naam van die Here beledig. Saul het aangekondig dat hy sy dogter sou gee saam met ander rykdom vir enigeen wat die Filistyn sou uitdaag (1 Samuel 17:26).

Dawid se broers het met hom geraas omdat hy oor die uitdaging van die Filistyn met die soldate gepraat het. Maar Dawid is nie afgeskrik nie. "'n Mens moenie oor hóm moedeloos word nie," sê Dawid toe vir Saul. "U dienaar sal gaan en teen die Filistyn veg" (1 Samuel 17:32). Hy het ook

gesê, "Ek het die leeu en ook die beer doodgeslaan, en hierdie heiden, hierdie Filistyn, sal soos hulle word, want hy het die linies van die lewende God verkleineer" (1 Samuel 17:36). Dawid was vol vertroue dat hy die Filistyn sou verslaan en Saul het vir Dawid gesê, "Gaan, en mag die Here by jou wees".

Saul het vir Dawid sy wapenrusting laat aantrek. Aangesien hy dit nog nie tevore beproef het nie, het hy alles uitgetrek, na die spruit gegaan, vyf mooi gladde klippies opgetel en in sy slingersak gesit en ook sy slingervel in sy hand geneem en nader gegaan aan Goliat, die Filistyn. Goliat het die spot gedryf met Dawid omdat hy klein van postuur was. Goliat het vir Dawid in die naam van die Filistynse gode gevloek. Hy het vir Dawid gesê hy sou sy vleis vir die roofvoëls en vir die diere van die veld gee. Dawid het gesê:

Hy (Goliat) kom met 'n dolk, 'n spies en 'n swaard, maar hy kom in die naam van die Here van die leërskare, die God van die lines van Israel. "Die Here sal jou in my mag gee en ek sal jou verslaan en jou kop van joou lyf afkap ... want die geveg is die Here s'n en Hy sal jou in ons hande gee" (1 Samuel 17:45-47).

Dawid het 'n klippie uitgehaal, dit geslinger en die Filistyn op sy voorkop getref. Die klip het in sy voorkop ingedring en hy het vooroor geval op die grond. Dawid het soontoe gehardloop, oor die Filistyn gaan staan, sy swaard geneem en sy kop daarmee afgekap. Toe die Filistyne sien dat hulle held dood was, het hulle gevlug! Die manne van Juda en Israel het die Filistyne verjaag. Dawid het die kop van Goliat gevat en dit na Jerusalem toe gebring.

Dit was 'n dag van oorwinning en feesviering vir Israel. Vroue het uit al die stede van Israel gekom en gesing en gedans. Hulle het gsê:

Saul het sy duisende verslaan en Dawid sy tienduisende.

Saul was ongelukkig en jaloers toe hy dit hoor. Hy het besluit om so gou moontlik van Dawid ontslae te raak. Dawid het steeds meer roem verwerf en Saul kon dit nie verdra nie. Dawid en 'n paar van sy volgelinge het gevlug vir hulle lewens en weggekruip in grotte in die berge. By twee geleenthede het Dawid naby daaraan gekom om Saul te dood. Maar hy het homself daarvan weerhou om Saul enige leed aan te doen. Hy het vir sy manne gesê, "Mag die Here my daarvan bewaar dat ek my hand teen my koning, die gesalfde van die Here, oplig, want hy is die gesalfde van die Here".

Dawid het toe na 'n bos gegaan in die woestyn Sif. Saul se manne het hom agterna gesit. Dawid het nader gekom aan Saul. Maar Dawid het sy manne beveel om nie die gesalfde van die Here leed aan te doen nie. Omtrent hierdie tyd is Samuel oorlede en is begrawe in sy tuiste in Rama.

Slegte dae het aangebreek vir Saul toe die Filistyne teen hom opgetrek het by Sunem. Saul wou weet hoe sy toekoms sou wees en het na 'n vrou gegaan wat as medium gewerk het. Hy het daar uitgekom met slegte nuus. Die oorlog het begin en in die oorlog is Saul en sy seuns gedood. Dawid was in Siklag.

Dawid het toe vir die Here gevra: "Moet ek na enige van die stede van Juda gaan? Die Here het hom gevra om na Hebron op te gaan. By Hebron het die manne van Juda bymekaargekom en Dawid as koning gesalf oor die huis van Juda! Dawid was toe 30 jaar oud. Na baie onenigheid het die huis van Israel ook vir Dawid ontmoet en 'n verbond gesluit. Hulle het Dawid aanvaar as koning oor die hele Israel. Dawid het vir 40 jaar oor Israel geheers. Dawid en sy manne het teen Jerusalem opgetrek, dit ingeneem en dit die hoofstad gemaak van die hele Israel.

In feite was Dawid die natuurlike keuse van die Here om koning te wees oor Israel. Die Here het Israel toegelaat om Saul te kies omdat hulle so aangehou het. Dit was nie God se wil nie.

## DIE DEUGDE VAN KONING DAWID!

(1) Dawid het lof aan die Here gebring in alle sake. Hy het meer as 73 Psalms geskryf tot eer van God.

(2) Toe Abimeleg hom toestemming geweier het om in die grondgebied van die Filistyne te bly, het Dawid die Here geloof, "Ek sal die Here altyd weer prys, sy lof sal altyd op my lippe wees" (Psalm 34:1).

(3) Hy was dankbaar teenoor die Here dat Hy hom koning gemaak het. "Agter die lammerooie het Hy hom weggehaal om sy volk Jakob, sy eiendom Israel, te versorg. Dawid het die volk met toewyding versorg en hulle met oorleg gelei" (Psalm 78:71, 72).

(4) Die Here het gesê "Ek het in Dawid 'n man na my hart gevind. Hy sal al my opdragte uitvoer" (Handelinge 13:22).

(5) Dawid het byna al die naburige lande onderwerp en hulle belasting laat betaal. Voordat hy met 'n oorlog begin het, het hy nooit nagelaat om God se raad te soek nie. Die Here het vir hom geveg.

(6) As 'n jong seun het hy 'n leeu sowel as 'n beer met sy eie hande gedood toe hulle gekom het om die skape aan te val. Hy het nie omgegee vir sy eie lewe nie. Jesus het gesê "Ek is die goeie herder. Die Goeie Herder lê sy lewe af vir die skape". Hierdie houding het die Here laat besluit om Dawid koning te maak.

(7) Hy het sy onderdane verantwoordelik geregeer en hy was die beste koning ooit in Israel. In sy tyd was die mense gelukkig!

(8) Die Here het vir Dawid beloof dat na sy dood Hy sy nakomeling op die troon sou sit en dat Hy sy koninkryk sou bestendig. Hy sou 'n huis bou vir die Here se naam en die Here sou sy koningkryk vir altyd bestendig laat wees.

(9) Tog was Dawid ook nie sonder foute nie. Hy het homself oorgegee aan 'n afskuwelike misdaad met Batseba, 'n Hetitiese getroude vrou wat naby sy paleis gewoon het. Haar man was weg in 'n oorlog. Toe Dawid op die dak van sy paleis gewandel het, het hy die vrou sien bad. Sy oë het op haar geval. Hy het mense gestuur om haar na sy paleis te bring. Hy het by haar geslaap en haar teruggestuur. Toe hy te wete kom dat sy swanger was, was Dawid rusteloos en wou van haar man ontslae raak. Hy het dit op skelm maniere reggekry. Natan, die profeet het die misdaad aan die koning uitgewys. Dawid het sy misdaad erken, gehuil en geween. Maar die koning moes die straf van God ontvang al was hy naby aan sy hart. Die straf was erg. Dawid het sy sonde bely en die vergifnis van die Here gevra. Die Here het hom in sy groot genade vergewe.

Volgens alle standaarde was Dawid die grootste koning van Israel. Ten spyte van alles wat hy gehad het om te doen, het hy met die Here gewandel. Hy was koning sowel as Priester hoewel vir 'n kort tydjie toe die Here se ark geskuif is na Jerusalem. Dawid verdien 'n groot plek in die gelsagsregister van Jesus Christus.

## JESUS CHRISTUS!

Jesus Christus is God. Hy is een van die persone van die Drie-eenheid, genoem die Seun van God. Hy is die Messias wat die Koning van die konings sal wees en die Here van die here. Hy is sowel die Koning as Hoëpriester. Hy het in die wêreld gekom as 'n offerlam om te sterf vir die sonde van die wêreld. Volgende keer sal Hy kom as die Koning en Hoëpriester, en so die eienskappe van Melgisedek albei vertoon. Hy is meer as Melgisedek wat geen begin en einde het nie. Die opgestane Jesus sit nou aan die regterhand van God (Psalm 110:1).

## ALLE MAG GEGEE AAN JESUS!

Die Vader het aan Jesus die mag gegee om die wêreld te oordeel (John 5:22). Jesus het geweet dat die Vader alle dinge in sy hande gegee het en dat Hy van God gekom het en na God sou teruggaan. Hy het sy dissipels se voete gewas en so Homself verneder (Johannes 13:3-5). Die opgestane Jesus het voor sy dissipels verklaar "Alle mag in hemel en op aarde is aan My gegee. Gaan dan na al die nasies toe en maak die mense my dissipels: doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees" (Matt. 28:19).)

## JESUS KOM WEER!

Vanaf die dae van Abel tot by Johannes die Doper, rus al die regverdige oorledenes nou in die Paradys. So ook die wat in Christus gesterwe het in die dae van die Nuwe Testament. Hulle rus ook in die Paradys. Die Bybel sê "Wanneer die bevel gegee word en die stem van die aartsengel en die trompet van God weerklink, sal die Here self uit die hemel neeerdaal. Allereers sal dié wat in Christus gesterf het, uit die dood opstaan; daarna sal ons wat nog lewe, saam met hulle op die wolke weggevoer word, die lug in, die Here tegemoet (1 Tessalonisense 4:16-17). Na die opstanding sal die Here Jesus Christus ons na die hemel lei!

Die tyd van die Here se koms is aan niemand bekend nie. Die Vader alleen weet dit. Sommige mense sê die Here se koms sal die opkoms van die Antichris voorafgaan aangesien die uitverkorenes nie vir hom en sy verraderlike bewind sal beleef nie. Sommige haal 2 Tessalonisense 2:3 aan en sê daardie Dag sal nie aanbreek voordat die laaste afvalligheid gekom het en die wettelose mens wat vir die verderf bestem is, sy verskyning gemaak het nie. Hoe ook al, Jesus kom om die regverdige dode en hulle wat in Christus gesterf het en in Christus leef, te haal. Hulle is almal saam. Dit is die vrug van die Here vanaf die begin van die wêreld, dit wil sê vanaf Adam af tot die koms van die Here, 'n tyd van meer as 6000 jaar.

In elke geval sal Jesus Christus die Koning en Hoëpriester groter liefde en eer geniet as Melgisedek. Mag die Here ons saamneem na die wonderlike land, die Koninkryk van God (die ewigheid).

********



# PUT TOT PALEIS

**(Lewenservarings van Pastoor S. Sam Selva Raj)**

**"Wie dit lees moet dit goed begryp" Matteus 24:15**

## My Agtergrond

Vir baie jare al het ons in diie maandelikse Echo of His Call deur God se genade artikels gepubliseer onder die titel "put tot Paleis". Daarin het ek geskrywe oor die maniere waarop die Here God my gelei het.

Ek is ook deur die Heilige Gees geïnspireer om 'n boek te skryf waarin ek al die weë waarop die Here my gelei het en opgetel het van die begin van my lewe af saamgevat het. Die beloftes wat ek aan God gemaak het toe ek siek was en ook op ander geleenthede en die sterk begeertes van sommige van my lesers het my gemotiveer om te begin om hierdie boek te skryf.

Hierdie werk is baie jare lank vertraag. Onvewags, op 5 Desember 2021, op dié Sondagaand het ons 'n program gehad genoem 'Friends Sunday' saam met die viering van my seun Pastoor Alex Samson Sam se verjaarsdag. Nadat ek aan die program deelgeneem het, het ek omtrent twaalfuur die nag gaan slaap. Die Heilige Gees was besig met my innigste gevoelens en drome vir omtrent 3 ure.

Die Here het die volgende vers voor my geestelike oë gebring:

"Ek het Abraham geroep toe hy kinderloos was en Ek het hom geseën en hom 'n groot nageslag gegee." Jesaja 51:2.

Toe het Hy my gedwing om 'n Bybel, 'n notaboek en 'n pen te neem. Ek het neergekniel en gesê, "Liewe Vader! Ek gehoorsaam U en onderwerp myself om my ware outobiografie te skryf. Beskerm my asseblief in u genade totdat ek hierdie boek klaar geskryf het en gepublisseer het in baie tale." Die Here het my die geloof gegee om hierdie werk te begin.

Ek het nie foto's van my kinderdae nie. Dus het die Here my geïnspireer om my kantoor-assistent, Sr. Daisy Rani, te vra om sketse te maak. Sy het ingestem om my te help om sulke sketse te maak.

So het ek onder hierdie omstandighede begin skryf aan hierdie boek.

## My Kinderdae

My moeder Roselet was afkomstig van Nellaraikkonam in Neyyoor, Kanyakumari Distrik, die mees suidelike deel van Indië. My oupagrootjie, mnr. Marthandan was 'n baie toegewyde Hindoe. Sy seun, wat my oupa was, mnr Narayanan, was ook 'n uitgesproke Hindoe. Met die verloop van tyd het hulle Christene geword deur die Bediening van die Kerk van Suid-Indië. My oupa se naam is verander na 'Nathaniel'. Hy is getroud met 'n meisie genaamd 'Gnanappoo' uit Colachel – Udaiyarvilai se Kerk van Suid-Indië. Hulle eerste dogter, Roselet, was my moeder.

My vader se naam is mnr. Selva dhas en sy vader (My oupa), mnr. Samuel, was 'n lid van die kerk van Nellaraikonnam in Suid-Indië, Neyyoor. My vader se moeder was mev. Muthammal wat afkomstig was van Palliyadien. Sy was 'n gelowige. My oupa, Mnr. Samuel, het gewerk as 'n manlike verpleër in die beroemde Hospitaal van Neyyoor Kerk in Suid-Indië. Hy het die voorreg gehad om onder dr. Samervel te werk wat 'n Europeaan was. Hierdie dokter het 'n rekord opgestel deur die wêreld se hoogste berg, Everest, uit te klim. My oupa het sy werk in mediese diens gesien as 'n Bediening van God en het as 'n voorbeeld geleef vir sy kinders en die Kerk. My grootouers het 'n sterk geestelike fondament in my lewe gelê.

(word vervolg...)

********


**Echo of His Call Korrespondensiekursusse slegs vir kandidate in Indië**

**BYBELKOR**

Ons bied Korrespondensiekursusse aan oor Basiese Waarhede van die Bybel vir nuwe Christene en nie-Christene in Engels – 57 bladsye, Hindi – 76 bladsye & Tamil – 96 bladsye. Jy kry 'n kursusboek met die titel **New Life – For You! Na voltooiing van hierdie kursus sal jy 'n sertifikaat ontvang. Daar sal geen verpligte gelde wees nie. Jy sal geseën word!**

*Skryf aan ons vir besonderhede*

**The Chairman, Nehemiah Bible College,**

Echo of His Call, Post Box 2957
CHEPAUK, CHENNAI - 600 005.
Ph.: (044) 2852 8282, 2852 9293, 2854 7766,
Cell : 98410 71852, 95661 31858
E.mail : biblecor@yahoo.co.in

RNITCNO.TNAFR/2007/21215, Postal Regn.No.TN/CH/(C)/127/22-24

## Bid asseblief Echo of His Call Postal Courses

TEOLOGIESE KORRESPONDENSIE- KURSUS

Doen 'n Kursus oor die Pos in Teologie in Engels en Tamil en word 'n geestelike dienaar binne 'n paar weke! Sertifikaat in Bediening

**Vir besonderhede : Die Sekretaris Theological Correspondence Course,**
Echo of His Call, 10, Mohammed Abdullah 2nd Street, Chepauk, Chennai – 600 005. Ph.: (044) 2852 8282, 2852 9293, Cell: 98410 71858.
E-mail : biblecor@yahoo.co.in / sam@echoofhiscall.org

## Bid asseblief
## ST. PAUL'S MATRICULATION SCHOOL

Die Engelse Christen-Hoërskool wat Echo of His Call bedryf vir arm en weeskinders. Ons het borge nodig vir 200 kinders @ R200 per kind. Ons vra borge. Jy kan jou donasies na ons bankrekeninge in Suid-Afrika stuur.

**Onderrig van Gehalte!**
**Geestelike opleiding!!**

**Van kleuteronderrig tot Gr.10**

Kontak:
**10, Mohammed Abdullah 2nd Street, Chepauk, Chennai – 600 005.**
Telefoon : (+91-44) 2852 8282
Sel : (+91) 98410 71852
E-pos : sam@echoofhiscall.org

# ECHO OF HIS CALL

**Maandblad in 16 tale, Bybelkolleges, Korrespondensiekursusse, Kerkplanting, Village English High School, Evangeliese Drukpers, Uitreike, Seminare, Maatskaplike Dienste, ens.**

**Jaarlikse intekengeld Rs. 100/-** **Lewenslange intekengeld Rs. 2000/-**

Die veelvuldige aktiwiteite van die **Echo of His Call Bedieninge** word ondersteun deur die vrywillige offers en donasies van God se kinders soos jy. Jy kan **Echo of His Call** en ons aktiwiteite ondersteun soos die Here jou lei. Ons het jou hulp nodig om die evangelie uit te stuur na die onbereikte mense en om kerke te plant.

As jy gereeld die **Echo of His Call** maandblad wil ontvang, skryf asseblief aan ons. As jy van posadres of e-posadres verander, stel ons asseblief in kennis van jou ou en nuwe adres.

**Echo of His Call** is ook in 16 tale beskikbaar op ons webtuistes. Jy kan dit lees of op die webwerf gaan en dit aflaai en geseën word.

Julle briewe, gebedsversoeke en finansiële hulp (**Geldwissels, Tjeks of Aftrekorders, EO's, PayPal (Sam Selva Raj,** sam@echoofhiscall.org) **Tel.9841071858, Gpay (98410 71858), Western Union, MoneyGram** aan **Echo of His Call** kan asseblief gestuur word na die onderstaande adresse.

Stuur asseblief jou **landlyn/selfoonnommer** en **e-posadresse** vir opdatering.

## ECHO OF HIS CALL

10, MOHAMMED ABDULLAH 2ND STREET, CHEPAUK, CHENNAI - 600 005, INDIA
PH: (+91-44) 2852 8282, 2852 9293, 2854 7766, Cell: (+91) 98410 71858, 98412 71858 / E.mails: sam@echoofhiscall.org / biblecor@yahoo.co.in
Websites: www.echoofhiscall.org / www.stpaulsmatriculation.com

**JY KAN JOU DONASIES OOK AANLYN STUUR**

Regd. With the Registrar of Newspapers for India under No. TNAFR/2007/21215
Postal Regn.No. TN/CH/(C)/127/22-24
Date of Publication: First week of every month
Date of Posting : 3rd & 4th of every month
Posted at "Egmore RMS / 1 Patrika Channel"
on 4th FEBRUARY 2022

If un-delivered please return to:
ECHO OF HIS CALL
P.O. Box No. 2957, Chepauk, Chennai - 600 005, INDIA.
Phone: (+ 91- 44) 2852 8282, 2852 9293, 2854 7766

*JESUS LOVES YOU!*

To

*GOD BLESS YOU!*

Owned and published by **S. Sam Selva Raj** from New No. 8 & 10, Old No. 18 & 19, Mohammed Abdullah 2nd Street, Chepauk, Chennai-600 005 and printed by him at **Echo of His Call Printers** New No. 8 & 10, Old No. 18 & 19, Mohammed Abdullah 2nd Street, Chepauk, Chennai-600 005. Editor: **S. Sam Selva Raj.**